die genadekinders

Ilse Goschus

Griffel

Geen deel van hierdie boek mag sonder skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer word of in enige vorm deur elektroniese, fotografiese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat-, band- of laserskyfopname, vermikrofilming, via die internet of e-pos of enige stelsel van inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Die Genadekinders
Griffel Media
www.griffel.co.za

Eerste druk 2007

Alle regte voorbehou
Kopiereg © 2007 Ilse Goschus

ISBN: 978-0-9802556-7-6

Motief vir bandontwerp: Ilse Goschus
Geset in 8.5 op 12.5 Bookman Old Style deur Griffel Media
Gedruk en gebind deur BusinessPrint, Pretoria

inhoudsopgawe

Die droomknoop	1
Lotusblom	5
Perseverasie: Die dinge van ’n kind	9
Wierooksirkel	14
Caroline, die gloeiwurm, die koekepanne en die engele	19
Die Genadekinders	23
Die kristal roep by die kruispad …	26
Die nar sing ‘The rose’	33
Dot	38
Die pêrels, die wind en die wit duif se vlerk	43
Goed, beter, beste … sleg, slegter, slegste	48
Klipkabouters	52

Opgedra aan Ron en Marilise

die droomknoop

Themba staan met lam bene langs sy ma se bed. Haar wyse glimlag verwelkom hom en kyk na hom met trots. Die kerse flikker hul geel lig oor haar liggaam onder sagte wit lakens. Sy het iets in haar hand. Haar hand bewe effens. Hy kan nie goed sien nie; sy maak haar hand ietwat wyer oop – met moeite. Die voorwerp is ovaalvormig met delikate patrone in dun swart lyne gegraveer – 'n ivoorknoop, 'n ekipa! Skielik word sy, die ekipa en die droom een met die nag.

Die nag trek stadig terug – soos 'n slak in sy dop – die slymstreep nog sigbaar daar waar dag en nag ontmoet. Die viertrekvoertuig trek in by die doeanekantoor by Vioolsdrif. Geluk is aan hulle kant, en die Roux-familie en Themba beweeg vinnig deur al die nodige prosedures – dokumente word deurgeblaai en pers stempels in identiteitsdokumente waarborg hul deurgang. Bewerig ontmoet warm lywe die koue winteroggend op die grens tussen Suid-Afrika en Namibië. Die Oranjerivier blink kronkelend en swartblou tussen hulle en die woestynland.

'n Koedoevul skiet meteens hoog en sonder waarskuwing in die lug – reg in die verblindende son. Dewald se ma skree: "Dirk, Pasop!" Dit is asof die koedoevul die paniek in haar stem hoor en hy skiet onverwags in die teenoorgestelde rigting. Hul harte klop woes en bang in hul kele. Waterbottels word uitgeruk en druk die skrik diep in hul kele af.

Meteens verf die Skepper se kwas die toneel voor hulle in vinnige goeddeurdagte tonele. Die verfkwas skep toneel na toneel – vloeiend en ritmies en met passie. Drie wit wolke word skielik gebore en gly stadig deur die hemelruim. Geleidelik, deur middel van die proses van assimilasie, word hulle een, en 'n goue rand rond die asemrowende beeld af in 'n mistieke oomblik. Die vuurbal glip geleidelik afwaarts en laat sagte pastelkleure agter op die horison – skakerings van blou, pienk en ligpers.

Die nag daal vinnig en klam oor Myl Vier, en die mis hang dig en donker oor die uitgestrekte strand. Dan, soos 'n onbeplande geboorte, gebeur dit in tipiese orde. Plotseling verskyn die eerste beeld op die swart doek van die skilder. Vanuit nêrens verskyn hulle en hul nooi, op hul speelse wyse, die omstanders om hul sierlike spel te aanskou. Ongeveer twintig dolfyne duik in en uit die water met grasie. Silwer, vol en rond hang die maan oor die, nou swart, oseaan;

haar strale gewikkel in 'n silwer spel met die golwe. Themba dink aan sy ma. Hulle bly in 'n luukse huis in Nuweland, Kaapstad – hy, sy ma en sy pa. Soos Dewald, is hy die enigste kind. Sy ma het 'n terminale siekte. Die uitnodiging het gekom in die vorm van 'n pragtige kaart. 'n Foto van die rooi sandduine by Walvisbaai, teenoor die koel blou oseaan aan die teenoorgestelde kant van die deurpad, het hom geroep. Soos Dewald, is hy 'n ywerige fotograaf en lief vir die natuur. (Met hul Nikons in hul rugsakke, het hul vol afwagting die tog aangepak.)

Die uitnodiging het vir dae in sy skoolsak gelê. Die kruispad! Die keuse! Sy ma se uitgeteerde liggaam in die bed, met tientalle kerse wat sag hul geel lig oor haar flikker. (Sy, 'n kunstenaar – flikkerende kerse haar simbool van hoop, lewe en lewenskragtigheid!) Skielik onthou hy toe die droom … die ivoorknoop – die ekipa!

* * * *

Dewald en Themba hou elkeen 'n stok. Dewald se pa het drie visstokke saamgebring. Sy pa, Dirk, het so 500 meter van hulle af gestaan en wag vir die grote. Hy en sy vriend, Themba, se eintlike funksie was om die ekstra twee stokke dop te hou en vas te hou. Dit was beide seuns se eerste kennismaking met die uniekheid van Namibië en die visvangproses. (Sy pa sou hulle nog in detail die fyner tegnieke van visvang aanleer, soos byvoorbeeld die aas-aansit-proses, die verfyning van die gooi-tegniek en dies meer.) Beide van hulle was sensitiewe kinders met sensitiewe siele en die visvang-affêre was teenstrydig met hul filosofie ten opsigte van die beskerming van diere-regte. "'n Vis is mos nie 'n dier nie!" het Dirk se pa gesê. Thabo was die gas en het maar liewer die konflik tussen gewete en daad stil in die stil donker uitgespook.

In 'n oogwink ervaar hulle die spreekwoordelike 'silver lining'. In die spesifieke geval was daar geen wolke in sig nie, maar soos die branders sierlik en donker in die maanlig omrol, is die dik, silwer rand sigbaar.

Duisende sardiens wikkel en wriemel angstig deur die golwe, gretig om rats die honger roofvisse te ontsnap. Hulle hou egter nie tred met die spesie Homo Sapiens nie. Meteens word honderde donker siele, met houers in die hand, in die maanverligte nag gebore. Geheimsinnig amper …

Skielik beweeg Dewald, soos 'n skiër agter 'n ski-boot. Met vasberadenheid word hy getrek, see toe! Die vislyn sny diep, bloederige groewe in sy vleis.

Hy gee nie meer om nie. Vir die eerste keer in sy lewe voel hy wat menige hengelaar al ervaar het. Die grote is besig om sy vaardigheid, uithouvermoë en vasberadenheid te toets. Die adrenalien pomp. Die bloed loop en hy beweeg al

hoe vinniger see toe – hy probeer diep in die sand vasskop, maar niks help nie. Benoud skree hy: “Help!” Sy pa los vinnig sy stok en kom hom tot hulp. Hy trek en pluk en trek en pluk … En toe is ook hy op pad see toe – hy nou die skiër agter die ski-boot. Themba bekyk die hele episode in stille verwondering en besluit skielik dit is tyd vir intellektuele bystand. Hy hardloop met die mes na Dewald se pa – hulle het geen keuse nie en sny die lyn vinnig af. Die teleurstelling sprei wyd oor Dewald se gesig. Die bloed en groewe in sy hande pla hom nie. Hy is hartseer oor die grote wat weggekom het.

Moeg, maar tevrede oor hul avontuur, kruip hulle die aand in hul slaapsakke …

* * * *

Die woestynsand brand warm en rooibruin onder hul delikate voetsole. Vinnig trek hulle hul sandale aan terwyl die sand irriterend inkruip en weerskante toe spat. Hulle soek sandrose en die kameras kliek tussendeur terwyl hulle asemrowende beeld na asemrowende beeld vaardig op film vaslê. Dewald se ma het seker gemaak dat hulle genoeg water saamneem in hul rugsakke, en het vroegoggend hul kospakkies met sorg voorberei. Twee pelikane vlieg wit met hul bekke groot en geel afgeëts teen die blou hemel. Die rooibruin sandduine sprei hul sandkleed uit oor die vlaktes en ontmoet die Atlantiese Oseaan met trots.

Doodstil sit die figure op die bank by die watergat in Namutoni, in die Etosha wildtuin. Themba en Dewald sit, soos soldate, gereed met die skietgoed – hul kameras hang swaar om hul nekke. Hulle sit … hulle wag.

Twee erdvarke maak stil hul verskyning en verdwyn skielik soos skimme in die nag.

Dan vorm hy deel van die watergat-toneel. ’n Reuse olifantbul beweeg na die watergat – die riete buig nederig met ’n geknars, af, grondwaarts. Hy manipuleer die water grasieus met sy slurp in sy mond, verby die twee groteske olifanttande.

“Ivoor,” dink Themba. “Die tande is mos ivoor. Die droomknoop!” Die olifant misreken hom met die elektriese draadheining en stamp sy nat lyf lomp teen die draad. Met skok, in verskillende vorme, en hoogs verontwaardig, neem sy reuse treë hom vinnig diep die donker nag in.

Themba vou nou sy hande eerbiedig in gebed en vra dat God hom moet lei na die droomknoop. (Hy wou nie die Roux-familie belas met sy droom nie – ook nie met sy siek ma nie. Dit was haar geheim en syne.)

Kleintyd het sy ma vir hom van hul herkoms vertel; en van die ekipa! Die

ekipa was 'n knoop wat kunstig uit ivoor gesny is sedert die 1900's. Vroue en dogters van gesiene Ovambo-stamhoofde het hierdie kunstige simbole gedra.

Sy het ook, net voor sy vertrek na Namibië, vertel dat die '13th Convention in International Trade and Endangered Species' Namibië toegelaat het om handel te dryf in die ekipa, maar dit kon slegs in die vorm van juweliersware aan individue verkoop word. Herverkope word nie aangemoedig nie. Haar verlange na haar kinderdae is groot, en voor sy sterf wil sy nog graag 'n oorspronklike ekipa in haar hande hou, een wat haar sou herinner aan haar Ovamboherkoms.

Dié nag kan Themba nie slaap nie. Sy siel is deurdrenk van rusteloosheid. Hy dink aan sy ma. Die selfoon lui by hul huis, maar daar is geen antwoord nie. Uiteindelik kom die droom hom haal …

In die middel van die nag lui sy selfoon. "Jou ma is op haar laaste. Kyk of jy 'n vlug op Windhoek kan kry! Sy roep na jou!" Dewald se pa neem hom na die lughawe – hulle het gelukkig die nag op Windhoek deurgebring – dit was soos 'n legkaartstuk en het presies gepas in die komplekse legkaart van die lewe!

Lam en met trane wat uit sy oë rol, sit hy op die vliegtuig. Bang. Alleen.

Net voor die vlug vertrek kom sit 'n baie netjies-geklede dame langs hom. Sy het 'n sagte, rustige stem en begin gesels – sy kan sien hy is ontsteld. Hy vertel haar van sy ma se stryd tussen siekte en dood – van haar wens – die ekipa.

Hy gryp sy rugsak uit die bagasieruim en stap met lam bene oor die aanloopbaan. Die trane begin weer rol en hy gryp gou in sy sak na 'n sakdoek. Boop sagte blou ferweel, in 'n juweliersdosie, lê die ekipa met 'n nota:

Met Liefde, Roux-familie

Lotusblom – in geboorte, of is dit 'n wedergeboorte?

Die lotus vou misterieus en ligpers die blomblare oop in geboorte, of is dit 'n wedergeboorte?

"You are an original. No one has had quite the same life or played the hand exactly as you did or left the same fingerprints on the cards. The point is that whatever your next moves are, you will experience them as yours and yours alone," het Linda Friedman geskryf.

In 'n droom is hierdie konsep gebore – diep in die kelk van die lotusblom. Die tyd sekuur ingebou in die ritme van die lewe – diep en delikaat. Roomkleurig. Kubus na wit kubus het uitgepeul – blok binne blok binne blok – die siklus: geboorte – wedergeboorte – die een gebore uit die ander.

* * * *

Izabel loop haar vas in die dans van die vullisdrom. Groot, swaar en swart staan dit daar – in skrille kontras met die witwarm Saterdagmiddag. Die dans is komies, en, besef sy – dalk benoud! Die dromdeksel was in 'n ritmiese dans met hom- of haarself gewikkel.

Met haar een voet het sy op haar rooi skoetertjie gebalanseer, terwyl die ander voet momentum opgebou het sodat sy die spoedoortreding kon begaan. Die paadjie het om 'n hoek gekronkel, wat dus vir Beatrix oorgenoeg tyd gegee het om weg te kruip; sy kon dan met gemak op die oortreder toesak. 'n Springtou sou die gatsometer wees. Volgens haar moes die spietkop net eenvoudig agter een van die redelike dun vrugtebome uitspring. Die spietkop wou egter op die regte tyd op die oortreder toesak om aan haar spietkopstatus gestand te doen!

Die verveeldheid wat op daardie witwarm Saterdagmiddag tussen Izabel en Beatrix gehang het, het die doodeenvoudige en uitstekend-beplande spel amper in 'n baie komiese ongelukstoneel verander.

Op die oomblik toe Beatrix met haar dun lyf rats uit haar skuilplek moes spring, het Izabel afgekom op die dans van die drom! Die ironie – die een wat die vangwerk moes doen – die gevangene! Vasgevang in die groot swart plastiese vullisdrom!

Beatrix het voorwaar gesorg vir 'n skare. Lyf na lyf het verskyn in die bure se agterplaas en het vinnig verander in 'n bondel rukkende lywe. Ritmies op die maat van haar geskree het hul lywe geruk. Die lag het iewers in die middel tussen hul kele en monde, doelbewus gaan vassit. (Hulle kon dit nie waag om die situasie verder te vererger nie.) Die lag moes 'n stil dood sterf.

Beatrix se geskree het haar ma gedwing na die toneel. Ook haar ma moes haar lag, met inspanning, ongemerk laat wegraak! Al oplossing – het die skare rukkende lywe gevoel – was dat hul die drom probeer oopsny. Toe Beatrix die woord *sny* hoor, toe styg haar stem outomaties 'n oktaaf hoër.

Soos manna uit die hemel het 'n idee in hul ma se kop gespring. Sy het haar hand twee millimeter dun gemaak tussen die lyf en die drom.

'n Mirakel …

Beatrix se voet het gedraai. Binne oomblikke kon die vullisdrom sy benoude inhoud in die witwarm son uitspoeg.

* * * *

"Juffrou, juffrou, ek het 'n ten cents in my neus? "Moenie onsin praat nie, Lauren," sê Izabel. Gaan aan met jou legkaart."

"Juffrou, juffrou, ek het 'n ten cents in my neus."

"Lauren, kyk, daardie stukkie pas in daardie gaatjie in," laat Izabel van haar hoor.

"Juffrou, gloe my nie," se Lauren. "Ek het 'n ten cents in my neus!" Izabel buig Lauren se kop versigtig agteroor, en daar diep in die neusholte, styf ingedruk, lê dit dof en brons.

"Op pad skool toe, in die taxi," sê sy, het sy die muntstuk al ingedruk.

By die hospitaal het die dokter vinnig Lauren se woeligheid en angstigheid opgemerk. Die kalmeermiddel het nie die nodige gedoen nie. Hulle het Lauren sorgsaam in 'n laken toegevou, sodat haar hande nie by die gesiggie kon uitkom nie. Met 'n tweezer is die muntstuk vernuftig verwyder.

* * * *

Izabel se pa is op 'n plaas gebore. Hy het maar altyd gehunker na die plaas. Die naaste wat hulle aan 'n plaas kon kom, was die vrugtebome, 'n paar wingerdstompies in die tuin en die diere … 'n klein swart hondjie – soort onbekend! Vir haar het dit gelyk soos iets tussen 'n kriek en 'n kat: klein en swart. Hulle het ook 'n budjie gehad – 'n groene met 'n snawel wat aanhou groei het – soos Pinocchio se neus! Dan was daar die eensame goudvis – om en om het dit

geswem in die ronde glasbak – tussen die begin en die einde. “Totaal verward!” het Izabel gedink.

Hulle pa se verlange na die oop ruimtes het hom gelei – soos die wolk vir Moses – om hulle na Pella te neem vir ’n naweek – tussen Springbok en Pofadder. Die woord Pofadder ruk haar gedagtes skielik terug na Eksodus in die Bybel waar die koning se towernaars hul kieries op die grond gegooi het en dié in slange verander het. (Izabel het buite die hek vir haar geleentheid huis toe staan en wag.)

* * * *

Blitsvinnig, soos soetwyn wat vinnig in die kop inskuif, gly hul gordels van hul lywe af. Die gordel word soos ’n slang aan sy stertkant gevat en berekend in sirkels gemanipuleer – die gespes gryns blink en skerp soos ’n mond met Dracula tande. Donovan kry die sirkelbeweging mooi reg, terwyl David koes en met sy gespe na Donovan se oë mik – die Achilles heel. Intussen spring Ryan, Peter, Hank en Ralph ook vinnig in. Gordels en gespes voer ’n gevaarlike stryd op die oop veld. Donovan buk nou vinnig, maar vinniger as hy is David – altwee se wapens is nou versterk en die bierbottels word nou venynig na gesigte gemik.

Die polisievangwa wat stil om die hoek geskuif het, was Aäron se slang (wat al die ander slange ingesluk het). Die slange is skielik rats om die lywe vasgemaak – die gespes het blink, soos hul eintlike funksie van hul verlang, die gordels vasgehou om die dun tienerlywe. Die bierbottels het plotseling weer deel geword van die besoedelde omgewing – alles was skielik doodstil, kompleet soos ’n toneel in ’n skildery.

* * * *

Die pad na Pella was voorwaar ’n uitdaging. Izabel het gedink, “Dis seker hoe kaas voel as dit gerasper word!?” Hulle ingewande was los geskud teen die tyd wat die berge en dadelbome, wat hooghartig in hul rye gestaan het, hulle begroet het. Hulle het naby die klooster geslaap – die nonne het hul kamers vir hulle aangewys; baie netjies, met net die nodige meubels, ’n ketel en ’n waaier.

Die nag het in stilte oor hul neergedaal tussen die reuk van die braaivleisvure en vars gebakte brode. Saam met die nag het hulle vinnig en woelerig neergedaal. Die agste plaag: sprinkane. Alles het beweeg … Uit desperaatheid het Izabel en Beatrix die klein wit waaiertjie aangeskakel, maar dié het moeg die

warmte in die rondte gedraai en meer en meer sprinkane – kleintjies en grotes – het op hul toegesak – soos miniatuur helikoptertjies het hul neergedaal en opgestyg – die kamer en alles daarin, die aanloopbaan ...

In 'n droom is hierdie konsep gebore – diep in die kelk van die lotusblom. Die tyd sekuur ingebou in die ritme van die lewe – diep en delikaat. Roomkleurig. Kubus na wit kubus het uitgepeul – blok binne blok binne blok – die siklus: geboorte – wedergeboorte – die een gebore uit die ander.

Izabel was van natuurlik 'n analitiese wese. Sy het hard probeer om haar droom te interpreter en het dit stap vir stap probeer analiseer. Die roomkleurige blokke – die een gebore binne die ander – haar lewensondervindinge. Elkeen met sy besondere verhaal, maar al die blokke saam, die embrio's wat ontwikkel in haar unieke lewensverhaal – haar wedergeboorte.

Stadig en op die regte tyd maak die lotusblom haar ligpers blare oop in 'n wedergeboorte en deel haar skat, deur genade ontvang! ...

"You are an original. No one has had quite the same life or played the hand exactly as you did or left the same fingerprints on the cards. The point is that whatever your next moves are, you will experience them as yours and yours alone."

perseverasie: die dinge van 'n kind

Perseverasie – die stam van die woord: 'to persevere'

Haar bed, in die intensiewe sorg-eenheid van die ouetehuis, kyk uit op die see. Die pee en ontsmettingsmiddel ontmoet mekaar kru iewers in die middel van die kamer. "Wil Ma 'n entjie gaan ry?" vra Jo-anne.

"Ja, graag."

'n Vonkel glip terug in die half dowwe blou oë. Sy's nou die kind – onskuldig en bang, maar so opgewonde! Oor die bang praat hulle nie – dit hang net daar – alomteenwoordig, soos God – dit hang groot en swaar … Haar ma se opgewondenheid maak Jo-anne se hart eintlik seer – haar hart is seer oor die bang …

Die dood het al kom aanmeld; soos 'n roofvoël in die nag! Dit hang soos 'n skaduwee om haar – die kontrak al geteken. Geleende tyd!

Twee verpleegsters kom haar aantrek – in die rolstoel neem hulle haar na die motor. Twee lywe ruk en pluk haar in verskillende rigtings totdat sy langs Werner in die motor sit – Jo-anne klim agter in.

Die regterbrein-verskynsel het Jo-anne die vermoë gegee om stil op die vlerke van 'n arend weg te vlieg na waar die son geel en blink hang – as die realiteit te ondraaglik word …

"Your mother is a fighter. She has the ability to persevere," het die dokter gesê. Haar ma was 'n sterk en intelligente vrou. Sy kon uithou en aanhou, maar nou is dit net 'n kwessie van tyd – geleende tyd! En nou klim Jo-anne op die arend se rug en vlieg ver weg in goue vlug na waar die son geel en blink hang …

Van kleins af het sy baie vrae gevra. Toe die Vader Krismis-konsep aan haar bekendgestel is, was haar logiese vraag onmiddellik, "Mamma, wat is sy vrou se naam?" Voor haar ma die waarheid diplomaties moes buig, het sy self die antwoord verskaf, "Moeder Christa."

Van geboorte af is sy blootgestel aan ritme en rym. Haar ouers het vas geglo dat die regterbrein gestimuleer moes word, en sy was dus van vroeg af onder die indruk dat alle woorde min of meer moes rym. Die naam van die Krismis-vrou het dus volkome sin gemaak vir haar drie-, vierjarige verstand.

Sy het vas geglo dat Vader Krismis en sy eggenote in hul dak woonagtig was. Veral na daardie dag toe hulle dak hewig gelek het en haar pa skielik deur die groot, donker gat in die dak met 'n baie groot kom verdwyn het. Sy het haar ma volwaardig geglo toe sy ernstig verduidelik het dat dit die Krismis-familie se bad was.

Die arend vlieg rats tussen Jo-anne, haar ma en Werner in en gryp haar – hulle vlieg hoog en ver …

"Perseverasie," dink Jo-anne. Dis 'n term wat in remediërende onderwys gebruik word en dui aan die herhaling van 'n aksie – die stam van die woord, 'to persevere'. 'n Tipiese voorbeeld: 2 + 2 = 4; 3 + 5 = 4; 8 + 6 = 4, ensovoorts. "Amper soos 'n plaat wat vasgehaak het," dink Jo-anne met 'n vonkel in die oog.

"By die hospitale was daar destyds baie babatjies wat moes weeshuis toe. Tannie Jacqueline het vir haar twee babatjies gaan uitsoek. Ken jy die kinders?" vra sy vir Jo-anne.

"Ja, Ma," antwoord Jo-anne.

In uitkomsgebaseerde onderwys vorm observasie 'n integrale deel van assessering. Dit is nou hier waar die regterbrein-ding weereens kop uitsteek …

Observasie rym met perseverasie.

Jo-anne en die arend vlieg nou baie baie hoog …

Onderwysers kom hierdie verskynsel, of leerstoornis, tee in verskillende vlakke.

Sy dink aan Eddie.

Eddie was vyftien jaar oud – 'n liefdevolle kind, maar met die verstand van 'n vierjarige. Eddie was lief vir verf. Die herinneringe lê nog skerp en groen in haar geheue. Fyn beplanning is 'n noodsaaklikheid en Jo-anne het, met haar spesifieke uitkoms in gedagte, 'n pot groen verf op sy lessenaar neergesit – haar idee was dat hulle herfsblare sou verf en dan die afdrukke op die papier sou vaslê. In retrospek moet sy erken dat sy en Eddie beslis verskillende uitkomste vir dieselfde les in gedagte gehad het. Binne enkele oomblikke het Eddie se ongedrukte koerantpapier geswem in grasgroen verf, en plotseling was sy potlood grasgroen, sy lessenaar en toe … hy self! Die groen-effek die eindproduk weens 'n gebrek aan die nodige observasie – die eindproduk: perseverasie!

En toe ontmoet sy haar man … Haar man is 'n hoogs intelligente persoon – op die oog af baie logies!

Siende dat sy 'n remediërende onderwyseres was, het sy die kuns van observasie vervolmaak; so het sy gedink. Na deeglike observasie het sy tot die gevolgtrekking gekom dat haar man ook die persevarasie-'sindroom' onder lede het. Sy het hom vinnig in daardie boks gedruk en die etiket styf opgeplak – to-

taal teenstrydig met ons huidige Suid-Afrikaanse grondwet!

Die eerste keer wat sy hierdie probleem waargeneem het, was met die tuinaankope. Siende dat sy 'n werkende moeder was, het sy sterk gevoel oor die feit dat haar man hulp moes verleen ten opsigte van die tuin. Haar pa was immers lief vir tuinmaak en, het sy geglo, alle mans moes wees soos haar pa – lief vir tuinmaak!

As gevolg van die skoolhouery en 'n besige buitemuurse skedule, het sy nie veel tyd gehad om aandag aan die tuin te wy nie, maar het uiteindelik, na besliste moeite en weens haar vermoë om uit te hou en aan te hou, daarin geslaag om die tuin van die voorheen disfunksionele toestand te omskep in iets meer toegangklik vir die oog.

Stadig, maar seker, het Werner begin belangstel in bome. Daar was immers progressie – 'n term sinoniem met uitkomsgebaseerde onderwys – en word daar gesê: "Change is a process, not an event."

Jo-anne en Werner het kwekery na kwekery besoek. Een besondere Saterdag, tydens 'n besoek aan die plaaslike kwekery, die plotselinge metamorfose …! Onverwags het hy besluit dat hulle tuin smag na bome. Diep-binne haar hart was Jo-anne verheug!

"Twee of drie bome sal beslis 'n groot verandering in ons tuin meebring," het sy gedink.

Tydens hierdie spesifieke punt in hul lewens – die keerpunt, of dalk die beginpunt – het sy die perseverasie-ding agtergekom. Soos 'n dief in die nag het dit haar oorval! Hulle het tuisgekom met twee of drie bome. Daardie Maandagoggend, egter, het nege-en-vyftig bome elk 'n spesiale plekkie in hul klein tuin gekry – in reguit rye, baie na aan mekaar, soos soldate op parade.

* * * *

Die veiligheidgordel word vasgemaak, maar die dun oumenslyfie gly telkemale af ondertoe. Werner hou stil, trek haar sagkens op en ry dan verder. "Dis bene met klere aan," dink Jo-anne.

"Waarheen ry ons?" vra hy vir Jo-anne.

Jo-anne en hy weet dis die laaste rit!

"Rooi Els," laat Jo-anne van haar hoor.

Die motor gly versigtig om die draai van die pas tussen Gordonsbaai en Rooi Els. Dis Augustusmaand, die winterwind waai yskoud om die berge, maar die veldblomme is vandag ekstra helder – die geel 'n diep eiergeel, die pienk 'n diep roospienk. Boeke en visuele stimuli het van kleins af 'n geweldige indruk op Jo-anne gemaak, soos die engel met die silwer vlerke in haar Kinderbybel …

“Die blomme is pragtig, nè, Ma?” vra Jo-anne.

“Ja,” antwoord haar ma. “Daar is baie babatjies in die hospitale wat moet weeshuis toe.”

En dan … skielik verskyn ’n groot ou bobbejaanmannetjie reg langs haar ma se venster.

“Die silwervlerk-engel het dit gereël,” dink Jo-anne … Sy vlieg saam met die arend en die silwervlerk-engel … hoër en hoër …

Sy kyk af op haar ma en Werner … Haar ma drink die koeldrank wat Werner gekoop het, in ’n bottel met ’n tuit. Sy suig so hard dat die tuit eintlik fluit – nes ’n kind. Die opgewondenheid en genot van die-bietjie-uitkom is in ’n stil geveg met die moegheid en dalk die bang – die bang vir die afskeid … Jo-anne, die arend en silwervlerk-engel vlieg laag oor die motor en skiet skielik hoog op in die lug – weg van die geveg tussen die lewe en die dood!

Werner se perseverasie-probleem het weer die verskyning gemaak – ongevraagd – soos die arend het dit neergedaal …

Werner het in Kaap Kruis, in Namibië, tussen die woestynsand, duisende robbe en ’n paar plaashoenders grootgeword. Weereens is Jo-anne se vermoede bevestig; dat Werner beslis ’n probleem het, wat, volgens haar, nie vroegtydig geïdentifiseer en aangespreek is nie. (Die etiket nou groter en die letters dik en swart geskryf!)

Hierdie hoender-herinneringe het hom genoodsaak om vier kapokhoenders aan te skaf. (Jo-anne was nie so ten gunste van die hoender-koop affêre nie. Haar hoender-herinneringe was minder aangenaam. Haar sensitiewe siel kon nie haar ouma se hoender-slag episodes heeltemal verwerk nie. ’n Grusame beeld wat diep in haar brein gegraveer is, is dié van ’n onthoofde hoender. Terwyl die liggaam desperaat afdraand gehardloop het, het die siel hunkerend uitgereik na Bo …?)

Met die eerste vier hoenders is die aanvoorwerk gedoen vir die res wat sou volg – vier-en-tagtig hoenders!

Dit was die laaste rit! Vier weke later het die arend en die silwervlerk-engel haar ma kom haal – oor die oseaan het hul gedraai – op … op … op …

Die deure van die aankomsaal op Kaapstad Internasionale Lughawe gly vinnig oop …

“Pretty Woman walking down the street …” Dié liriek glip skielik rats in Jo-anne se gedagtes in. Sy het ouer geword – fyn plooitjies is nou gerangskik om haar blougroen oë. Haar blonde hare hang lank teen haar slanke rug af. Sy stoot die trollie voor haar uit …

“Jo-anne strek haar nek soos ’n skilpad uit sy dop. Waar is sy?” wonder sy.

Sy sien nog niks, maar die glimlaggie wat nou oor Lee-anne se mond gly, bevestig dat die gelukspakkie êrens vir haar wegkruip. Die lughawe-personeel se gesigte lyk soos kerse wat skielik aangesteek word sodra hul verby Lee-anne se trollie stap. Skielik word haar kersvlam ook warm en rooi diep binne in haar siel aangesteek. Binne-in die holte vir die handbagasie, toegewikkel in 'n sagte pienk kombersie, sit sy. Sy lyk soos 'n grootoog-uiltjie. Agt maandjies oud. Pikswart hare. Groot, bruin oë. 'n Klein Latyns-Amerikaanse Kewpie-poppie – Nekita!

Die telefoon het tienuur die aand gelui.

"It is a a girl. She is beau … tiful!" het die mansstem in gebroke Engels gesê.

Jo-anne het vir haar 'n glas sjampanje ingeskink en die CD 'From my heart', van Giorgie Fumanti, in haar rekenaar gedruk. Op die maat van 'My heart and I' is sy in haar eie spasie toegelaat om die nuus te verwerk en die die blydskap sluk vir sluk saam met die sjampanje af te sluk. Die rekenaar het outomaties 'n gedig geskryf – opgedra aan Nekita.

* * * *

Nekita – die vierde geslag … Nou drie jaar oud! Sy swaai in die hangmat en tel die blokkies wat Jo-anne vir haar van Suid-Afrika saamgebring het. Die hitte hang soos 'n warm kombers om hulle. Jo-anne dink aan haar ma, haar pa, haar suster en haar lewe, haar lewenservaringe, die lesse geleer, en die lesse wat sy dalk nog vir ander moet leer!

Nekita tel die blokke op haar baba-manier, "Um, dois, três, quatro, cinco."

… Skielik trek sy 'n ou uitgewaste poppie onder haar lyfie uit en druk dit in Jo-anne se arms.

"Bonito," sê Jo-anne en 'n sagte glimlag glip oor haar lippe. Sy klim styf langs Nekita in die hangmat … Hulle wieg en wieg – hoër en hoër vlieg die hangmat …

Skielik is die arend en die silwervlerk-engel daar – hulle gryp haar gedagtes en vlieg hoog op teen die vogbelaaide Brasiliaanse hemelruim …

wierooksirkel

Die vlam aan die punt van die vet wit kers flikker naarstiglik, helder en oranje, asof dit sukkel om die lower energies uit te hou. Bo-aan die wierookstokkie se punt sirkel grys rooksirkels op na waar siel en gees een word. Hulle luister na die diep kalm stem van die psychic. “You will experience ...” laat die psychic van haar hoor tussendeur die kersvlam en pakeezah. “In most cases the Death card in the Tarot deck symbolises new beginnings – the end of a cycle, the beginning of a next. It is also the card of change.”

Sy ranking. Dis al waarin hy vannag belangstel. Vanaand moet hy hom bewys. Sy gangster-broers moet hom accept as hul brother. Hy kyk verby die angs in die waterige groenblou oë, verby die feit dat dit sy ouma, of soos in sy taal “ma”, kon gewees het. Haar ronderaambrilletjie val kletterend in skerwe op die bruin leiklipvloer; haar purse, dis al waarin hy belangstel – die ou rich bitch se purse!

Die breë lem lê koud teen haar nek. Sy comrade kyk met cold killer’s eyes reg in syne.

“Kill the bloody old bitch!”

Die meslem begin bewerig skud.

“Is djy ’n moffie? Dis djy of die blêrrie bitch. Kies nou blêrriewil – which one?

Hy druk die mes met krag in die ou tannietjie se verrimpelde nekvel. Met skok en dan met trots sien hy hoe die bloed druppel vir druppel rooi oor die ou verrimpelde, oumens-besproete, vel rol. Dit laat hom dink aan die branders tydens die rooigety as hulle hul opbrengs rooi op die wit seesand uitrol.

“Waar’s die peanuts?”

Nei, ek’t nie die peanuts nie.

“En die chameleons?”

“Wietie.”

“Tony, gaan soek die blêrrie peanuts,” skree Maurice, ’n groot sterk tiener met blonde hare.

’n Benerige lang dunne kom in met ’n boks. ’n Korter ene kom in met nog ’n boks. Sleepvoet kom die ander nader – beanies laag oor die oë getrek. Die groterige sterke kom na vore. “Let the games begin!”

Hulle sit op hul hurke. Die orphanage se gange is koud – die lelike grys

linoleumteëls lê koud en bedremmeld in hul vierkante en staar na hulle van onder af op. Dis asof die oordeel al gevel is. Die voorspel van 'n siklus ... 'n tronk in die kleine!

Die ouvrou bondeltjie val pap op die vloer neer – die groenblou oë nou dof in haar kop – die bloed druppel nou in sterk stroom uit haar nek – haar lewe kom koud met 'n rukbeweging tot stilstand in die warm, rooi plas bloed.

* * * *

Elke Woensdag, by die orphanage, kry hulle peanuts – hul incentive vir goeie gedrag. Weens die gedrag-ding vat dit soms maar lank om 'n redelike klomp peanuts bymekaar te maak.

Percy het vir hulle gesê: "Brothers, djulle moet die blêrrie plek meer interesting maak."

"Hoe?" het die meerderheid gevra.

"Deur te bet. Soos ons ma's en pa's Woensdae die pêre speel, so kan ons ook bet."

"Waar kry ons die pêre?"

"Vergiet van die pêre. Gebruik jou blêrrie common sense. Ons het mos chameleons in die tuin. Hulle is ons pêre!"

En die dollars? Die peanuts! Hulle respek vir Percy het hemelhoog gerys – net soos 'n koek in die oond! Hy was 'n creative thinker en problem solver. Hulle maak hom toe die leier van die Warriors, en Maurice leier van die Angels.

Soos die peanuts meer geword het, het hul guts ook meer geword. Die ego het soos 'n groot blink lig geskyn – soos 'n baie sterk flitslig in die middel van die nag.

Hul metaalwerkonderwyser, Mr Traut, was maar slap. Maar hulle breins het altyd oortyd gewerk. Entrepreneurs! Armoede, dwelms, alkohol, deels die rede waarom die grys vierkantige linoleumteels vir hulle elke dag bedremmeld van onderaf opstaar, diep in hul verwarde oë, daar in die orphanage. Hul ma's en pa's dronkgatte – travellers – not by plane, car or taxi! Police vans the mode of transport! Hulle travel constantly tussen hul shacks of huisies en Pollsmoor. Hulle't al klaar history gemaak in hul country – the New South Africa. Hul fingerprints en photographs – written in the history books of many a police station and court of law.

* * * *

Mr Traut het verkies om sy sigaret te rook en om die onderwyseresse se

bene te bestudeer, terwyl hy hulle eintlik moes teach. Geleenthede … Percy was 'n opportunist. "Oaks, let's use our time fruitfully. Wil djulle vir iewig tussen die grys mure sit? Ek sal djulle guide. Wek stadig aan jul messe wat jul moet ingie aan die einde van die djaar. As Traut uit is, wek ons aan ons nuwe mes. Djulle moet wake-up wies, sodat hy djulle nie uitvang nie!"

"Waar gaan ons die ekstra materials kry?" vra Maurice.

"Klaar georganize," sê Percy. "Never fear, when Percy's near! Ek het by een van die bergies scrap metal geruil vir cheese en jam brode en 'n paar hardgekoekte eiers. Junior, djy hou cavy!"

Burnie kom rooi en uitasem aangehardloop en smyt dit in die middel van die groep neer. Die peanuts! Die plastieksakkie is sweterig – die peanuts loer vir hulle deur 'n sweterige wasem.

"High time, brother," sê Percy, "high time!"

Maurice maak die grys boks oop. Hulle een is vetterig en grasgroen – hy was op die fikusboom. Percy maak hul boks oop. Hulle een is 'n donkergroen – 'n goeie size. Die Angels doop hulle chameleon Lucy. Die Warriors besluit op Angela. Percy trek 'n spoegstreep tussen Lucy en Angela.

"Let the strongest one win! Is julle reg?" vra Maurice.

"Ready soos 'n Ever Ready battery!" laat Percy van hom hoor.

Die verkleurmannetjies blaas hulle op. Angel se kake haak diep in Lucy se wange vas. Hulle sit aan mekaar vas soos bokke wat paar – 'n bloederige geveg.

"Lucy! Come on, Lucy!"

"Angel! Wys vir hulle!"

"Hoe is dit dat julle so lank neem om jul messe klaar te kry? Julle sal julle moet roer as julle die vak aan die einde van die jaar wil slaag. Slaap julle as ek uit die klas is, of wat?"

Agteraf kyke het die rondte in die klas gedoen, elk met 'n gevaarlike vonkel in die oog. Sodra Traut op die bene-kyk rondte was, is die ander messe vinnig uitgepluk en met mening geskuur en geskaaf.

Die chameleon lê leweloos in die poel bloed – Angela!

Lucy se laaste asem druk swaar teen haar bloederige wange, maar sy is die oorsaak dat die peanuts in die Angel se kampie in 'n redelike hopie voor die groeplede lê.

Dikbek en pissed off verdwyn Percy en sy makkers, met die beanies nog laer oor die oë getrek – die grys orphanage gange sluk hulle sommer so heel in, so voel dit vir Maurice.

Die donker figuur word stil gebore in die nag. Soos die nageboorte, verskyn nog 'n donker siel. Die dowwe-geel straatlamp maak hulle net-net sigbaar. Die donker figure kyk na mekaar. Die blonde een se bene is bewerig en wankelrig,

net soos 'n pasgebore vul. Maurice kots reg voor Percy se voete.

Die geskree! En dan … soos die chameleon lê sy skielik leweloos in die bloedpoel. Traut se mes het die ding gedoen! Die ironie – haar purse is dolleeg …

Die leeg en bang slaan vlak in sy oë vas. Hy dink aan die peanuts – hy dink aan die orphanage, die peer pressure en aan sy future en aan die lig wat blou flits op die police van! In die Geskiedenisklas het hul geleer "Hy is voëlvry verklaar …" Dit beteken – hy's 'n target! Maurice besef hy is nou 'n target, soos die target op die dart board! Hy verlang skielik na die orphanage en die grys linoleumteels.

Soos 'n stilgeboorte verdwyn die twee figure skielik en stil, diep die donker nag in.

* * * *

Die tienuur-son hang blinkgeel oor die oseaan. Die bamboese lê bruin en stink op die Seepuntstrand. Percy en Maurice sit styf langs mekaar in die klein blou karavaantjie – styf ingedruk aan die een kant van die opslaantafeltjie. Die soet wierookreuk meng met die bamboesreuk wat van die seekant af in die karavaantjie ingewaai kom. Die wierook hang swaar en grys tussen hulle en haar. Sy kyk lank en reguit na altwee van hulle. Sy handig die kaarte-dek oor aan Maurice. Hy skommel sy kaarte en een-vir-een dop sy hulle om. Maurice sal nooit haar woorde vergeet nie. "In most cases the Death card in the Tarot deck symbolises new beginnings – the end of a cycle, the beginning of a next. It is also the card of change …"

* * * *

Hulle was beide minderjarig: die voetspore van die vaders, het hul gevolg …

By die reformatory was daar 'n sielkundige, Ms Pieters. Sy was blond (soos hy) en mooi, maar Maurice kon met haar praat. Hy het gepraat oor sy seer – oor sy dronk ma en pa, oor die abuse – by die huis en by die orphanage. Ms Peters het geluister … Sy kon diep in sy siel afkyk, amper soos die psychic.

Hy kon praat oor sy skuldgevoel oor die ou tannietjie in die plas bloed, oor die leë purse en die ranking …

Ms Peters het verby die plas bloed en die ou tannietjie gekyk en het sy sensitiewe kunstenaarsiel raakgesien. Hulle twee het 'n ongeskrewe kontrak gehad – 'n kontrak met die lewe … net soos die psychic voorspel het. "The Death card in the Tarot deck symbolises new beginnings – the end of a cycle, the beginning of a next. It is also the card of change …"

Soos die rookdwarrel van die wierookstokkie op en op gesirkel het, het die stokkie 'n metamorfose ondergaan – die uiteinde die as, maar die soet reuk wat nog lank in die vertrek bly hang het.

Maurice se wierooksirkel het wyd gedraai en die reuk was soet. God was vir hom genadig!

Sandkorrel …

Ek was n growwe sandkorrel
gebore in die sagte vleis van die lewe
die oesterskulp, my skild!

Vasgeklamp in die oesterskulp van armoede
roep ek in my pyn om vrylating om verlossing om genade!

Wreed en koud, egter, word my oesterskulp in elk geval
uitmekaar gebreek deur tik, diefstal en spirits – my dronk ma en pa …

Geboeid word my ouers voor my kru
in polisievangwa, na polisievangwa gegooi
Hul dowwe, bedwelmde oë kyk net dom na my …

Ek, die growwe sandkorrel gedwing tot metamorfose
vasgevang in haat!
Haat word nou my oesterskulp
gebou met skaamte en vernedering
met flitsende kameras wat my ouers in hul swakheid op TV vaslê!

Ek, die growwe sandkorrel lê verward, bang en alleen
in die sagte vleis van die oester – onbeskermd!
My skild, die oesterskulp,
gebreekte stukkies skulp op sand …
Ek maak dan die besliste keuse
Ek word die pêrel …

Die gebreekte skulpies van my dop
My lesse in die lewe!

Soos die wierooksirkel – om en om …

Die rykdom van my siel
My wierooksirkel …

caroline, die gloeiwurm, die koekepanne en die engele

Die hospitaal-in-Johannesburg en die rottang-mandjie was die label wat taaierig voor Caroline en haar sussie se voorkoppe geplak was. Universal entities – eternal. Angels? Or … Brought by angels?

1994. The end of the apartheid era. The birth of our New South African Constitution! Democracy! The Bill of Rights: Basic Human Rights. Human Dignity. Diversity. End of discrimination?!

Die gloeiwurm se groen liggie skyn blink in die pikswart donker nag. Caroline se driejaar-oue kunstenaarsiel was betowerd. Dit was vir haar so mooi – sy het nog nie al die woorde gehad om die prentjie verbaal in te kleur nie. Die blink blougroen teen die swart is nou nog diep in haar brein ingeëts!

Hulle het van die koekepanne af gekom. Haar pa het haar die koekepanne gaan wys – tussen Pretoria en Johannesburg, dink sy – sy kan nie meer al die detail onthou nie. Soos die gloeiwurm, 'n beeld wat altyd in haar siel vasgebrand sal lê. In die swart nag het die koekepanne die goudgeel vloeistof rooi in die swart nag omgekeer.

Caroline onthou daar was altyd 'n hartseer diep binne haar jong kindersiel. Sy was te klein om dit te verstaan, miskien amper soos met die gloeiwurm … Die sitkamerlig het die sprokiebeeld kru vernietig. 'n Lelike grys, doodgewone wurm het met sy pap lyf op haar ma se koper potplanthouer gebalanseer. Vet, grys en naak in die lig! Ontbloot! Geen groenblou liggie was sigbaar nie. Die gloeiwurm se siel is doodgedruk met die aanskakel van die lig, soos haar kunssiel, van kleins-af!

"Haai, het jy gehoor, Koekie is dood?" het sy die oggend vir die Canary Creeper gevra. (Sy het haar ma se telefoongesprek afgeluister.) Die Canary Creeper, geel in die blom by hul agterdeur, het stil geluister. Haar basic human rights was gerespekteer. No labelling. G'n taai gom van die label nie! Caroline het nie 'n benul gehad van wie Koekie was nie en al encounter wat sy tot dusver met die dood gehad het, was die kort lewe van die gloeiwurm.

Die middag het haar ma vir haar 'n pragtige pienk rokkie aangetrek. Sy was so opgewonde. Hulle gaan vir haar 'n sussie haal. By die hospitaal-in-Johannesburg! Amper daar by die koekepanne! Sy het op die agterste sitplek gesit in

die ligblou Opel. Sy het haar lyfie dun gehou – soos die van 'n erdwurm. Die rottang babamandjie het gaatjies in haar ribbes gedruk. Sy't niks gesê nie. Sy't so uitgesien na die nuwe sussie. Die Canary Creeper, die teebos in die tuin en die vrugtebome, almal het geweet van die sussie-se-gaan-halery by die hospitaal-in-Johannesburg!

By die hospitaal het hulle 'n lang, dun babatjie uitgekies, met pikswart hare op die kop. Die verpleegster het vinnig die baba-kleertjies, wat haar ma gebring het, aan die erdwurmlyfie aangetrek. Die bekkie het gebewe van die koue. Dit was winter! Soos die winter in haar hart. Altyd die verlang na iets wat sy nie kon begryp nie. Haar regte ma?

'n Spinnekop spoeg sy drade silwer uit – presies, wiskundig beplan! Interlinked, interconnected – al die drade deel van 'n sisteem. Sodra 'n draad vernietig word, beïnvloed dit die siklus in die sisteem – sekere funksies kan nie verrig word nie. Dieselfde in die lewe van 'n kind! Een draad gesny – die siklus vir ewig versteur! Die kind probeer die konneksies maak na die beste van sy of haar vermoë, maar iewers is daar altyd 'n gat, altyd 'n letsel! Soos by haar en haar erdwurm-sussie.

* * * *

"Aunty, 'n five rand 'seblief!" Hy bedel gereeld by haar. Damian!

"Nee, ek gaan nie vir jou geld gee nie."

"Aunty, my babasussie skree van die honger – ons het nie kos by die huis nie. My ma en pa is dronk."

Die woorde spring koud in haar gesig. Trane welm in sy oë op.

"'n Act?" wonder sy. Sy druk vinnig 'n paar piesangs in 'n plastieksak, 'n paar blikke tuna, koekies, 'n pakkie jellie en 'n tweerandstuk in sy hand.

"Sê nou net sy is nie by die hospitaal-in-Johannesburg gaan haal nie."

Our Constitution. Human dignity. Basic Human rights! Poverty! Diversity!

Sy groot, bruin oë kyk diep in hare. Gebore in wyn! Amnionvloeistof gemeng met wyn! Foetal Alcohol Syndrome! Nou ogies, punterige klein ore. Kan nie eens sy naam skryf nie! Sy klere hang vuil en verflenterd om sy dun, maer tienjaar-oud lyf! Die alkohol, tik en armoede staan tussen hom en die lees en die skryf. Haar voordeur die skeiding tussen hoop en verlorenheid! Polarities! Dis nege-uur in die aand. Met die handvatsels van die plastiek inkopiesak om sy wysvinger gedraai, word hy ingesluk deur die swart nag. Die koue herfswind, die sout in die seer, rou wonde van alcoholism, abuse en poverty!

Haar ma het haar by die laerskool ingeskryf. Die hoof het die inskrywing behartig.

“Sy’s ’n aangenome kind!” het haar ma vir die vreemde verrimpelde man gesê.

“’n Wat?” het die vyfjarige Caroline stil gedink. Sy het skielik ongemaklik gevoel, so asof die woorde “aangenome kind” niks goeds voorspel het nie! Sy het nog nooit die woorde gehoor nie en het nog nooit die woorde met die Canary Creeper, teebos en vrugtebome gedeel nie!

In die blou Opel het sy gevra: “Mamma, wat beteken aange … kind?”

“O, aangenome kind? Dit beteken jy is gaan haal by die hospitaal-in-Johannesburg, soos jou sussie. Julle is nie ons eie kinders nie, maar amper soos ons eie. Ons het julle wettiglik aangeneem.”

Die Opel het sommer skielik yskoud gevoel, soos die vrieskas waarin haar ma die bevrore vleis en vis hou. Haar ma het haar altyd vertel van Carltonville waar die grond ’n huis sommer net so skielik een donker nag ingesluk het. Die bure het die een oomblik nog deur hul sitkamervenster gesien dat die familie hul aandete om die tafel geniet – die ligte het vrolik gebrand. Die volgende oomblik was daar niks. ’n Sinkgat! Die huis sommer so heel met familie en al ingesluk, amper soos in die storie van die wolf en die sewe bokkies.

Vyf jare het haar huis standvastig gestaan – binne vyf minute was die verrimpelde vreemde skoolhoof en haar ma die sinkgat wat haar hart heel en seer ingesluk het.

Van daardie dag af het sy swaar aan die label gedra. Die gom het taai teen haar voorkop gesit! Sy het met alle geweld die gom probeer aftrek, maar dit het seer gekleef. Aan haar voorkop tot diep in haar hart.

* * * *

’n Spinnekop spoeg sy drade silwer uit – presies, wiskundig beplan! Interlinked, interconnected – al die drade deel van ’n sisteem. Sodra ’n draad vernietig word, beïnvloed dit die siklus in die sisteem – sekere funksies kan nie verrig word nie. Dieselfde in die lewe van ’n kind! Een draad gesny – die siklus vir ewig versteur! Die kind probeer die konneksies maak na die beste van sy of haar vermoë, maar iewers is daar altyd ’n gat, altyd ’n letsel! Soos die sinkgat …

Our Constitution. Human dignity. Basic Human rights! Poverty! Diversity!

* * * *

Caroline hoor remme skree in haar straat. Sy hoor stemme – dit word harder en harder. Nog remme. Nog remme … Sy haal vinnig haar voorskoot af en hardloop uit in die driveway. Drie polisiemotors staan voor die huis. Bure

kap briesend teen die een vangwa en spoeg na binne. Vloek. Vrouens huil … Damian en twee groterige tieners. Minderjarig! Geboei! 'n Ou dame gesteek met haar kombuismes. Dertien keer – in die hart! Drie pare dowwe oë verdrink in tik, alkohol, armoede en verlorenheid, staar terug na die skare in die amnion-vloeistof van verlorenheid waarin hul gebore is!

Caroline kyk met skok na die toneel voor haar. Sy dink aan haar lewe. Die engele het haar ouers, die gloeiwurm en koekepanne vir haar gebring!

Sy trek haar label saggies af. Die gom maak nie meer seer nie!

die genadekinders

Die mannetjie trap sy fietsie so al wat hy kan met sy lapdraadbene! Donovan manipuleer sy draadkarretjie in die sand voor hul huis – die gebreekte skulpiesand maak dit effens moeilik vir die wieletjies om te beweeg …

Die wolke lê dik en stormagtig oor die see. Blitse breek blou teen die donkergrys hemelruim en sny blink deur die reëndruppels. Hoog bo die rotse slaan die branders wit en vasbeslote hul aggressie uit – gebreekte skulpe en stink bamboesstingels word kru op die growwerige sand uitgespoeg. Reën en seewater meng en val swaar terug in die boot. In die verte net 'n klein kolletjie benoudheid. Op die strand raak die skare groter en groter. Beangste vissersmense staan in geel reënjasse met hande-oor-die-oë en tuur …

James, die oudste, dertien jaar oud, Lyla, tienjaar oud en Betjie-met-diebolwange, tweejaar oud, se kneukels druk wit teen die rand van die klein, blou, houte-bootjie. Grootoog en bang kyk hulle hoe die branders van ver af aangerol kom en dan hoog op verby die rand van die boot skiet en dan in glinsterstrale weer terugglip in die boot. Lyla klou aan Betjie met die een hand en aan die boot se rand met die ander, so tussen die kots en bid deur. Hulle sien die dowwe bewegende kolle op die strand – hul hoop.

Yolky, die kaalnekhoenderkuiken, hardloop dwars voor die karretjie met die mannetjie met sy lapdraadbene in – die hen kloek benoud vir hom om uit die pad te kom. (Die wolke is nou donkergrys en die druppels plof dof in die sand neer. Hy en sy draadkarmannetjie skuif nou vinnig onder die aangeboude sink-afdak in.) Yolky neem sy gedagtes terug na daardie dag, so drie maande gelede …

* * * *

Die seewind het die hitte warm tussen die berg en hul RDP-huisie gedruk. Binne-in die wind is die "tjiep-tjiep" van 'n kuiken gebore, so het dit vir hom geklink. "Tjiep-tjiep" het weereens verby sy ore geklink, tot diep in sy kop. Hy was nou verward. Die kaalnekhaan en die henne het met uitgespreide waaier-vlerke in die son lê en bak … die telepatie van tevredenheid het styf tussen hulle gelê. Hul lang, rooi nekke, in skerp kontras teen die vaal sand. Weereens het die wind

die “tjiep-tjiep” na hom gewaai – die keer meer intens, amper benoud!

Sy intuïsie het hom onwillekeurig en met reuse-treë na die vullisblik gelei – swart en warm. Sy arm en hand het stadig, asof gebore uit eerbied en respek, beweeg en stadig het hy die deksel opgelig. (Sy pa het hom die vorige dag al die vrot hoendereiers laat weggooi.)

Daar het hy gesit – gebore in die hitte van die vullisblik op ’n 40-grade-Celsius-dag! Simbool van die werklikheid teenoor illusie! Yolky was ’n wees-kaalnekhoenderkuiken – die blik, die surrogaat ma. Die enigste probleem – die vullisblik het geen siel nie, maak geen gerusstellende kloek-geluide nie en was nie in staat om Yolky die lewensvaardighede en waardes te leer nie. Die deurgebreekte dop was die enigste simbool van ’n splinternuwe begin – new beginnings teenoor die beëindiging van die-siklus-in-die-dop!

Donovan het die vullisblik effens sideways getip en het so amper halflyf ingeseil, binne die ingewande van die blik. Sy regterhand het nou saggies om die swart kaalnekhoenderkuiken se lyfie en warm donsies gevou. Die hartjie het benoud in sy kuikenborsie geklop en die ogies het groot en swart diep in syne gekyk. Hy het besluit om hom Yolky te noem – born from the yolk of an egg! …

Hy kyk skielik op in die lug. Die blitse breek blou deur die swartgrys wolkehemel. Saam met blitse en donder breek sy ma se stem, skril en benoud, sy gedagtegang! Voor hy nog kan reageer, glip ’n yskoue rilling teen sy ruggraat af. “Wat, Ma?” spring uit sy mond. “Sê vir my, wat?”

“Dis James, Lyla en klein B … Betjie,” glip die woorde seer en bang oor haar lippe; trane vloei nou in straaltjies teen haar wange af. Hy staan skielik soos ’n gevriesde ysblok in ’n ysbakkie.

“Wat?” kry hy weer by sy mond uitgedruk in koue skok. “Hulle is in die blou houte-bootjie op die see …”

“Wat? Waarom?” “Jou pa is al by die water. Niemand wil dit waag op die stormwater nie,” huil sy ma bitterlik.

“Ons wou jou nie onnodig ontstel nie.”

“Kom!” skree Donovan en gryp-sleep sy ma aan haar arm, seewaarts!

Meteens is hulle ook nou deel van die bewegende dowwe kolle op die strand. Ver, in die onstuimige water, sien Donovan en sy ma die klein swart kolletjie – die blou houte-bootjie! Een minuut sien hul dit en skielik word dit diep ingesluk tussen die enorme hoë branders en dan na ’n paar minute, wat soos ure voel, spoeg die branders die bootjie weer uit op die horison. Die naarkol op Donovan se maag raak groter. Ook hy wil nou kots – dit gebeur sommer so op die strand, reg voor sy ma se voete.

“Uit genade is julle gered,” weerklink die predikant se Sondag-woorde hol en verlore in sy kop.

“Genade. Dis wat James, Lyla en Betjie-met-die-bolwange nou nodig het. Genade,” dink Donovan.

Donovan se brein dink vinnig. “Die dominee, Ma,” vra Donovan, “waar is die dominee?”

Sy ma se vinger wys bewerig na ’n dowwe kol op die strand. Donovan se bene gly vinnig onder sy lyf uit, reguit in die rigting van die dowwe kol. Met brandbors, spoeg hy die woorde uit. “Meneer,” sê hy vir die dominee, “genade en vrede, dis wat James, Lyla en Betjie-met-die-sagte-bolwange nou makeer. Ons moet bid vir die water om kalm te word, soos met die dissipels in die skuit.”

Die bloed vul die are na-aan die oppervlak van die dominee se gesig. Hy is skaam dat hy, bedienaar-van-die-Woord, nie daaraan gedink het nie.

Die dowwe kolle sak almal in respek en eerbied neer op die nat seesand. Die nat en die wind, die donder en blits, maak nie meer saak nie …

James, Lyla en Betjie-met-die-sagte-bolwange klou steeds asvaal aan die rand van die blou houte-bootjie, tussen die kots die pee en die bid deur. Hulle is bang dat die volgende brander hul rats uit die blou houte-bootjie sal lig tot diep in die yskoue oseaan. Nie een van hulle kan swem nie! Hulle bid dat die dowwe kolle op die strand iets kan uitdink om hul te help. Die benoudheid en angs sit vlak in hul oë. Betjie huil en huil – haar asem raak by tye weg – sy soek haar ma. Lyla en James kyk mekaar met groot oë aan. Hulle het die DVD van die Titanic gesien – hulle’s ook vrekbang en hul kort lewe speel soos ’n fast-forward-movie, baie vinnig, in hul koppe af.

In die dowwe-kol-groepies gaan die gebede op na God. “Uit genade,” vra hulle vir God, om James en Lyla en Betjie-met-die-sagte-bolwange te red. Hulle vra vir die see om kalm te raak …

God se genade skiet skielik in ’n blou-blink blitsstraal diep af tot in die grysblou see, sommer so langs James, Lyla en Betjie-met-die-sagte-bolwange se blou houte-bootjie. Sommer so deur die kots, pee en bid deur. Die dowwe kolle skrik, maar hulle bid en bid … Die monde prewel na Bo. Die wind waai die souterige see sommer so diep in hul droë, bang kele af.

“Meteens was die see kalm – soos ’n paddadam, so kalm,” Donovan se pa se woorde!

’n Rubberduck het hulle gaan haal – die Genadekinders!